11 September 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Stellastraat Live is dán jou antwoord – *geskryf deur Anton Pienaar*



Daar is heelwat mense wat met reg kla dat hulle sukkel om die direkte uitsendings van Stellastraat se eredienste te volg. Eerstens ons belydenis. Die virtuele omgewing is ook vir ons nog vreemd en baie foute kan aan ons eie onbeholpenheid toegeskryf word. Tweedens, is die wêreld van virtuele elektronika nie altyd stabiel nie. Dit het pas die afgelope naweek gebeur dat die elektroniese bediener, iets buite ons, net eenvoudig 'platgeval' het.

Moenie moedeloos word nie. Die elektronika word by die dag beter en makliker en die gesukkel word al hoe meer uitgeskakel. Die een onfeilbare manier waarmee jy geluk sal kry, is as jy doodeenvoudig vir die Youtube kanaal op jou selfoon of TV vra jy wil **Stellastraat Live** sien. Daar sal jy al die oordenkings en eredienste wat ons die afgelope tyd opgeneem het, kan kry.

Sondag 13 September se geleenthede

Sondag se **09:00 erediens** word deur Anton gelei. Die tema van die diens is *Die nuwe erfenis*. Ons gaan twee tekste lees: Miga 6:8 en Matteus 9:9. As jy ín die erediens wil wees, onthou om die kerkkantoor te skakel om jou plek in die kerkgebou te bespreek. Ons probeer weer om 'n direkte uitsending te doen, so jy kan die diens ook op Youtube volg. Andersins kan jy later op die Youtube kanaal gaan soek na die diens. Kliek gerus op die Stellastraat Live skakel:- **www.youtube.com/c/stellastraatlive**

Die **Kleuterkerk** se video is hierdie week weer 'n spanpoging van Fay (aanbieder), Marina (teks en aktiwiteit), Jomari (redigering), Jerina (liedjie) en Theani (teks en aktiwiteit) – baie dankie vir almal se moeite. Hierdie week gaan die gesinne 'n kussing saam maak om hulle aan Jakob se kopkussing te herinner. Hier is die skakel wat julle kan gebruik om daarna te kyk:- **https://youtu.be/acXURVMuwNE**

Anton gaan ook Sondagaand se **Tuis-Adoramus** voorberei. As jy daaraan wil deelneem volg gerus die volgende skakel:- **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-13-September.pdf**

Sondagaand **19:00** kan jy op die weeklikse **Soeklig-aanbieding** inskakel. Neels Jackson gaan voort om die gesprek te lei na aanleidng van sy boek ***Jesus vir almal***.

Indien jy wil deelneem aan die geleentheid volg die Zoom-skakel:- **https://us02web.zoom.us/j/87334333856** *Meeting ID: 873 3433 3856.*

SOEKLIG
NG GEMEENTE STELLASTRAAT

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesinne oor:
Jakob is opvlug en hy het die spanning van vrou te soek. Op hierdie moeilike reis ontmoet die Here hom. Wat is 'n moeilike tyd wat julle as gesin beleef het, en hoe het die Here julle deur hierdie moeilike tyd gehelp?

Jeuggroepe
"Boer soek 'n vrou" is 'n baie populêre realiteitsprogram op TV. Ongetroude mans kry die geleentheid om die vrou van hulle lewe te ontmoet en te kies. 'n Mens wonder sommer hoekom het jy 'n TV program nodig om jou hiermee te help. Kon jy nie maar in die normale verloop van die lewe jou vrou ontmoet het nie? In ons 2de ontmoeting oor Jakob gesels die **Junior jeuggroepe** oor Jakob wat nie net vir sy broer Esau vlug nie maar ook hoedat hy opsoek is na sy vrou. En dan in hierdie soektog en vlugtog ontmoet die Here hom en noem Jakob die plek ***"Huis van die Here"*** (Bet-El). Hierdie gebeure lees ons in Gen 28.

Die Gespreksblad word deur die groepleiers aan die gesinne gestuur en julle kan self besluit hoe julle hierdie Gespreksblad hanteer. Die **Senior jeuggroepe** gaan oor die moeilike onderwerp van rasse spanning in Suid-Afrika gesels. In sy boek ***"Jesus vir almal"*** maak Neels Jackson die stelling dat hoe jy oor Jesus dink, bepaal eintlik hoe jy oor die lewe dink. Daarom is die jongmense se tema ***"Deur die oë van Jesus"*** (Joh 4:1-26). Die jongmense gaan ook na 'n kort video uit *"Slumdog Millionaire"* kyk. Ons hoop dat die jeuggroepe binnekort weer by die kerk sal bymekaar kan kom.

Intussen moedig asseblief die jongmense aan om deel van die Zoom-gesprekke te wees. Kontak gerus vir Tienie (083-627-5086) as jy enige vrae oor die Jeuggroepe het.

Uitreik

Blikkieskos
Die uitreikbediening vra dat gemeentelede wat blikkieskos wil skenk, dit asseblief by die kerkkantoor sal aflaai.

Dankie vir Stellastraat se eerste kosmark!

Dit is bietjie mostert na die maal maar baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan Stellastraat se eerste kosmark.

En baie dankie vir die inisiatief Fay! Agt besighede het deelgeneem en daar was nie minder as 63 bestellings nie.

Net so bietjie meer as 470 items het van hande gewissel en die geldwaarde daarvan was ongeveer R31000.00.

Im prompto gholfdag vol pret!

Dankie vir die twintig stuks spelers wat meegedoen het aan 'n heerlike gholfdag die afgelope Woensdag. Elkeen het dit lekker vir die ander een gemaak!

Dankie vir Dawie de Villiers en Piet Botha vir die pryse, Johan Willemse vir die pizzas, en Midcity en Pretoria Buiteklub wat nog drinkgoed geborg het. Andries du Plooy se Geplooyde span was die wenners!

Digbundel oor pyn en verlies en sterflikheid



Dit wil voorkom of die skrywers tussen ons die inperkingstyd baie goed gebruik het!

Prof Cas Vos het pas 'n nuwe digbundel deur Naledi Uitgewers laat publiseer.

Die titel daarvan is ***Beskut teen vrese***, en resensente skryf die bundel baie hoog aan. Die bundel word beskou as een van die hoogtepunte van prof Vos se oeuvre.

Wat die inhoud van die bundel so aktueel maak is die gedigte oor die impak van die Corona-virus en die vraag na God se waagstuk met die mens. Corona het ons almal se insigte, vooruitsigte en drome oorgeneem. Kan die towerfluit ons help teen Corona?

Beskut teen vrese behoort van die week af in meeste boekwinkels beskikbaar te wees. Cas Vos is 'n oud-leraar van Stellastraat en huidig 'n lidmaat.

Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die twaalfde een wees. Aansoeke sluit 30 September 2020 en die kursus begin op 22 Februarie 2021. Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding. Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Voorbidding

Hanna Joubert, die agtienmaande oue dogtertjie wat vir 'n seldsame kanker behandel word, het intussen ook positief getoets vir die covid-19 virus. Ons harte gaan uit na haar ouers Danie en Izaan Joubert.

Neels Campher wat weer 'n prosedure moes ondergaan word vandag na 'n hospitaal in Midstream oorgeplaas vir 'n volgende prosedure.

Hans Griessel dominee-vriend van Excelsior was in 'n operasie om 'n kankergewas van sy pankreas te laat verwyder.

Nico Kritzinger, broer van Koos Kritzinger, wat 'n mediese dokter in Klerksdorp is, is baie ernstig siek as gevolg van die covid-19 virus.

Ds Quintis Smit, oud-kapelaan van die SANW en lidmaat van Lynnwood gemeente is onverwags oorlede.

Tannie Elsie de Beer (97) het geval en haar femur gebreek. Sy word in die Unitas-hospitaal versorg.

Kerktuin

Ons wil graag die bedding voor die kerk 'n bietjie opvrolik sonder enige koste. Ons soek meerjarige, geharde plante. As jy oortollige plante in die tuin het, skakel asseblief vir Sandra by die kerkkantoor.

Verjaarsdae 13 - 19 September

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 13 September:
Annelise Barkhuizen, Lourens Brandt, Theun Coetzer, Lily Louw, William Mayhew, Bill Mckechnie, Michael Oosthuizen, Surina Swart, Martin van Schalkwyk.

Maandag 14 September:
Jacques du Toit, Lizelle Grobler, Niek Grové, Bremer Pauw, Eridine Roux, Pietré Smit, Tristan van den Berg, Berendina van Zyl.

Dinsdag 15 September:
Lean Coetzee, Xander de Bruin, Annette de Villiers, Hannette Esterhuizen, CP Fourie, Joané Griesel, Liza Marais, Linda Prinsloo, Madeleine van der Berg, Elmarie van der Vyver, Christa Venter, Steven Verwey, Jacques Willemse.

Woensdag 16 September:
Rynet Bloem, Erasel Boer, Sven Cilliers, Marc Coetzee, Erika Combrink, Zani de Jager, Mila de la Port, Tanya du Toit, Julian Fourie, Leandri Groenewald, Anneli Nel, Herman Potgieter, Frik Strydom, Jurie van Staden, Thys van Zyl.

Donderdag 17 September:
Johan de Beer, Andrew du Toit, Kayla Grobler, Zahn Hulme, André Jordaan, Christiaan Kleynhans, Eugene Kok, Leon Muller, Gerhard Naudé, Johan Nel, Sakkie Perold, Charlene Smit, Anél van Schalkwyk.

Vrydag 18 September:
Camille Castelyn, Emelize du Preez, Luzé Niemand, Alexander Pienaar, Luca Thom, Gerrit van den Heever, Nicola Venter, Wayne Willemse.

Saterdag 19 September:
Natashé Cloete, Deon Lewis, Anton Pieterse, Jessica Potgieter, Gardi van Zyl.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za